MD 891A

# [DEPAR]TEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE
# [DEPA]RTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

Volume No.

ONDERWERP/SUBJECT

STAASPRESIDENT /

KANTOOR

GESLUIT

Verwysings:
References:

Korrespondensie vanaf / Correspondence from 1982 tot / to Okt. '88

Beskikking:
Disposal:

LÊER No.
FILE No. 3/6 Volume No. 1

S. 3/6.

Kanselary van Ordes
Chancery of Orders

Kantoor van die Staatspresident
State President's Office

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
1988 -10- 21
MINISTRY OF ECONOMIC AFFAIRS AND TECHNOLOGY
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Uniegebou
Union Buildings
Privaatsak X1000
Private Bag X1000
0001 PRETORIA

17 Oktober 1988

Mnr D W Steyn LP
Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie
Privaatsak X274
PRETORIA
0001

Geagte Minister

**NOMINASIE: NASIONALE ORDE: DR C F GARBERS**

Ontvangs van u skrywe S. 3/6 gedateer 30 September 1988, word met dank erken.

Die nominasie sal eersdaags aan die Adviesraad vir die Ordewese vir 'n aanbeveling voorgelê word.

Hoogagtend die uwe

SEKRETARIS-GENERAAL
(KANSELIER VAN ORDES)

→ Bêre

0056P
Verwysing: 21/7/4/7

Tel: 325-2000

*Kantoor van die Eerste Minister*

6/3/1

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Hendrik Verwoerdgebou 1229
Privaatsak X193
8000 KAAPSTAD

Verwysing: 10/2/3/3/2
Navrae: Buks Jordaan
Telefoon: (021) 45-6070/59-7044
Telegramme: SEKDEM
Teleks: 5X5727397

GERUGTE IN VERBAND MET ONREëLMATIGHEDE IN DIE OLIEHANDEL

26 April 1984

EMBARGO: 26 April 1984 - Kontroleer teen lewering
EMBARGO: 26 April 1984 - Check against delivery

Nuusmeda-uitreiking/News media release

BEGROTINGSPOS : EERSTE MINISTER : VOLKSRAAD
BUDGET VOTE : PRIME MINISTER : HOUSE OF ASSEMBLY

Uitgereik te word tydens lewering van spesifieke aspekte wat deur die Eerste Minister tydens sy toespraak in die Volksraad behandel sal word.

To be issued whilst specific aspects are dealt with by the Prime Minister during his speech in the House of Assembly.

[signature]
SEKRETARIS-GENERAAL
SECRETARY-GENERAL

Dankie 14/6/84.

Uitgereik deur die Skakel- en Inligtingafdeling
Kantoor van die Eerste Minister
Kaapstad

Issued by the Liaison and Information Section
Office of the Prime Minister
Cape Town

GERUGTE IN VERBAND MET ONREELMATIGHEDE INSAKE DIE OLIEHANDEL

Die hele aangeleentheid van beweerde onreëlmatighede in verband met die oliehandel het 'n geruime tyd gelede reeds die Regering se aandag begin geniet. Dit het uitgeloop op 'n ondersoek deur die Nasionale Intelligensiediens en 'n verwysing van die SALEM-geval na die Prokureur-generaal.

Hierbenewens het dieselfde ondersoek ook ander fasette van die oliehandel na vore gebring. Volgens die verslag aan my kon daar nie bewyse van korrupsie gevind word nie.

Daarna het die Leier van die Opposisie in 'n privaatgesprek en in korrespondensie my meegedeel dat hy in besit gestel is van dokumentasie wat ernstige bewerings maak. Hy beskou egter die saak as delikaat wat nie ter wille van korttermyn



politieke belange eksploiteer behoort te word nie. Die doel van die korrespondensie was inderdaad gewees:

"... to determine whether an appropriate and effective procedure can be found to resolve the problem."

Die saak wat die Leier van die Opposisie aanhangig gemaak het was dat meer geld uitbetaal was vir olievoorsiening as die werklike kontrakprys.

Dan in 'n volgende paragraaf word die name van die kontrakteurs genoem. En word daar sekere dokumentasie aangeheg wat bedoel was om die bewering te staaf.

Hierdie bewerings deur die Leier van die Opposisie en gerugsteun deur dokumentasie suggereer dat kontrakteurs op 'n onbehoorlike wyse bevoordeel is.

MINISTERIE VAN MINERAAL



Dan gaan die brief voort om te sê dat hy glo 'n prima facie-saak vir die Ouditeur-generaal uitgemaak is en dat sy verslag na 'n Gekose Komitee van die Parlement vir sy ondersoek gestuur word.

Hy sluit dan sy brief so af :

> "I repeat in approaching you in this way. I am trying to find out whether there is a way in which this matter can be resolved."

Nadat ek die bewerings in die betrokke brief in samehang met die dokumentasie oorweeg het, was ek en is ek nog steeds van mening dat die eintlike funksionaris van die Parlement wat hierdie aangeleentheid op dié stadium moet hanteer - die Advokaat-generaal is, omdat hy bevoegd is as verlengstuk van die Parlement om ondersoek te doen na die beweerde oneerlike



hantering van publieke geld, en die onwettige of onbehoorlike verryking of bevoordeling ten koste van die Staat of van 'n instelling of liggaam wat publieke geld hanteer.

Die Opposisie het dan juis verlede jaar saamgestem dat die Wet op die Advokaat-generaal so gewysig word dat voorsiening vir sulke aangeleenthede in die wydste moontlike sin gemaak word.

'n Paar dae later skryf ek aan die Leier van die Opposisie om hom van my besluit te verwittig naamlik dat ek die aangeleentheid na die Advokaat-generaal vir ondersoek en verslag aan die Parlement verwys het en het ek inderdaad die stukke ontvang van die Leier van die Opposisie na die Advokaat-generaal verwys. Nieteenstaande die feit dat die Nasionale Intelligensiediens-ondersoek geen bewyse van korrupsie bevind

het nie, het ek ook daardie verslag verwys na die Advokaat-generaal.

En op die 9de April 1984 skryf 'n gelukkige en tevrede Leier van die Opposisie as volg aan my:

"Geagte Eerste Minister

Ek erken ontvangs van u skrywe van 5 April 1984 en wil my waardering boekstaaf vir die spoedige wyse waarmee u oor die aangeleentheid wat ek aangeroer het opgetree het.

Ek glo dat heelwat misverstand en skadelike bespiegelings onderskep kan word indien daar by die vroegste geleentheid 'n verklaring deur u oor die ondersoek gemaak word. Uit die aard van die saak is dit u prerogatief om te besluit hoe, wanneer en of u dit wil doen.



Ek kan u verseker dat alle inligting en getuienis wat my kollegas en ek het of wat in ons besit mag kom en tersake is, onder die aandag van die Advokaat-generaal gebring sal word."

Let wel, hier is 'n spesifieke onderneming om alle bestaande en toekomstige inligting wat betrekking het op die aangeleentheid na die Advokaat-generaal te verwys. Let verder daarop dat hierdie brief sonder enige voorbehoud, algemeen instemming met my besluit en optrede betuig.

Op 11 April 1984 verklaar ek in die Volksraad, soos trouens versoek deur die Agbare Leier van die Opposisie dat :

"Sekere verdere bewerings wat verband hou met ander fasette van die oliehandel is na die Advokaat-generaal vir ondersoek en verslag verwys."

Daar was geen opvolgvraag nie, geen beduidenis mondelings of skriftelik dat die Leier van die Opposisie nie my optrede as volledig en korrek aanvaar nie.

In hierdie brief van die Opposisieleier van 9 April asook die eerste brief is daar geen melding daarvan dat hy met dieselfde feite eintlik twee verskillende sake vir ondersoek in gedagte het nie. Die een vir die Advokaat-generaal en die ander vir 'n Gekose Komitee van die Parlement.

Gister kom hy en sê dat hy gelukkig is met die ondersoek deur die Advokaat-generaal, maar hy wil ook op dieselfde feite, op dieselfde bewering, met dieselfde partye betrokke, ook 'n Gekose Komitee aangestel hê.

Is ek korrek dat hy geen nuwe feite of inligting het nie, dit wil sê sedert hy met my in korrespondensie getree het? In-



dien sy antwoord "ja" is, ontstaan die volgende vraag -

Waarom het hy wesenlik van houding verander? Waarom eis hy nou 'n paralelle ondersoek? Wie druk hom : sy Koukus of lede van sy Koukus, of die media, of is dit somaar politiekery? Indien sy antwoord "nee" is, met ander woorde, indien hy oor nuwe inligting beskik, waarom doen hy nie sy onderneming in sy brief van 9 April gestand dat hy en sy kollegas alle inligting en getuienis wat hul in hulle besit mag hê of wat in hulle besit mag kom en tersake is, onder die aandag van die Advokaat-generaal sal bring?

Wat sê die Wet op die Advokaat-generaal self? Volgens Artikel 5 moet hy verslag doen aan die Parlement en by ontvangs van so 'n verslag het die Parlement die reg om te sê hoe met so 'n verslag gehandel sal word. Meer nog, dieselfde artikel bepaal dat as dit 'n vertroulike verslag is, moet dit

na 'n Gekoste Komitee van die Parlement verwys word vir oorweging en verslagdoening aan die Parlement. Met hierdie saak sal dus verder deur die Parlement self soos deur wet voorgeskryf gehandel word.

Ek is verder tevrede dat die Advokaat-generaal oor al die bevoegdhede beskik om 'n behoorlike ondersoek te doen. Hy kan mense gelas om voor hom te verskyn om getuienis af te lê en ook dokumente voor te lê. Hy word bygestaan deur 'n senior advokaat plus al sodanige persone wat hy mag nodig ag vir die uitvoering van sy taak.